# SAAWE GEBEDSKALENDER SEPTEMBER 2026

Epos: ena@swissmail.org ; Tel no 083 6600 885

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bid vir volkome genesing vir Bettie. Sy het op 28 Aug 'n kwaadaardige moesie aan haar nek laat verwyder.** *"Ek wil die Here prys en nie al sy goeie dade vergeet nie. Hy vergewe al jou sondes, en **genees al jou siektes**." Psalm 103:2–3 (AFR83)* | **1** Vandag is die SAAWE-span bymekaar vir 'n gebedsoggend. Bid dat die Here ons gebede lei. September is 'n besige maand met verskeie geleenthede by kerke en ons eerste gebedskamp in baie jare. Ons enigste begeerte is om God te alle tye te verheerlik. | **2** Bid vir FEBC Rusland se bediening onder etniese minderheidsgroepe in Rusland, soos die Boerjate, Tatare en Komi, wat in diep geestelike duisternis leef. Bid dat FEBC-luisteraars uit hierdie groepe sal volhard in geloof en hoop en getuienis teenoor ander. | **3** Bid vir die Moslem **Yagnob-volk** in Tajikistan. Hulle glo dat die hoogste God, Allah, hulle ewige heil bepaal. maar dat hy ver en ontoeganklik is. Daar is geen gelowiges onder hulle nie. Bid dat hulle gelowiges sal ontmoet en die evangelie sal hoor. | **4** **Fanda** in Soedan, 100% Moslem. Christene word hier as vyande beskou. Bid dat hierdie volksgroep hulle eie geestelike bankrotskap sal besef en na Christus sal kom om die rykdom van sy vergifnis en sekerheid van die ewige lewe te ontvang. | **5** Sover bekend is daar is geen Christene onder die **Aluo** in China. Hulle identiteit is diep gewortel in eerbied vir 'n legendariese held, Ah-luo, wat dit vir hulle moeilik maak om Christus te aanvaar. Bid dat die Aluo Jesus leer ken en 'n lig vir die wêreld word. | **6** SAAWE neem deel met 'n uitstalling by die **NG Wonderboompoort Sendingkonferensie**. Bid dat baie mense die uitstalling sal besoek, 'n vars visie vir sending sal ontvang en betrokke sal raak by God se werk onder die nasies. |
| **7** **NG Wonderboompoort Sendingkonferensie**. Bid dat diegene wat die SAAWE uitstalling besoek, geïnspireer word om aktief betrokke te raak by wêreldsending. Loof die Here vir hierdie gemeente wat oor jare aktief sen-dingbetrokke is. | **8** Bid vir die SAAWE spanvergadering vandag, terwyl ons die Here se leiding vra met die beplanning van die gebedskamp, die raadsvergadering en die viering van SAAWE se 50-ste jaar. Bid vir Lissie en Marie wat die administrasie van die 2 geleenthede hanteer. | **9** "**SAT-7** is 'n televisiestasie, maar ek noem dit 'n **baken**, omdat dit die Woord van die Waarheid oor die hele Arabiese wêreld en selfs verder versprei." Bid dat baie meer Arabiessprekendes die lig van Christus deur die SAT-7 programme sal sien en glo. | **10** **JAKUN** in Maleisië: **36 000** Hulle beoefen tradisionele volksgodsdienste. Geen gelowiges. Die toordokter geniet groter gesag as die hoofman. Bid dat hulle die Evangelie hoor, dat baie die Here se uitnodiging aanvaar om deel te word van sy koninkryk. | **11** SAAWE stal uit by die **Missions Expo**, aangebied deur die **EG Gemeente Pretoria-Oos**. Bid vir betekenisvolle gesprekke, nuwe kontakte en dat die Here mense se harte sal aanraak om Hom in sending te dien deur te gaan, te bid, te gee. Bid dat God dissipelmakers roep. | **12** **Missions Expo** by die **EG Gemeente Pretoria-Oos**. Bid vir goeie bywoning en dat baie mense die uitstallings sal besoek. Bid vir al die organisasies wat uitstal, dat hulle hul bedieninge duidelik sal kan verduidelik aan almal wat dit bywoon. | **13** SAAWE neem deel met 'n uitstalling by die **NG Wonderboompoort Sendingkonferensie**. Bid dat baie mense die uitstalling sal besoek, 'n nuwe visie vir sending sal ontvang en betrokke sal raak by God se werk onder die nasies. |
| **14** **PINJARA** in Indië: **3,8 miljoen.** Hoewel die Pinjaras Moslems is, vier hulle Hindoe-feeste en doen hulle geloftes aan Hindoe-gode. Bid dat die Heilige Gees 'n honger na God in hulle harte sal wek. Bid vir 'n geestelike honger wat sal lei tot 'n beweging na Christus. | **15** **SAN CHAY** in **Viëtnam: 261 000** Geeste-aanbidding is 'n wesenlike deel van hulle wêreldbeskouing. Baie min van hulle is al aan die Evangelie blootgestel. Bid vir 'n groeiende kerkplantingsbeweging onder hulle. Bid vir harte honger na Waarheid, hoop en sekerheid. | **16** **KYERONG** in Nepal, etnies Tibetaans: **4 000** Hulle vorm 'n beduidende deel van die Tibetane in Nepal en is Boeddhiste. Bid dat hulle sal verstaan dat die wysheid, krag en goedheid van God slegs in Jesus Christus gevind word. | **17** **KHALPA** in Indië: **126 000** Hulle beoefen Hindoeïsme. Bid dat die Here Khalpas sal oprig wat só na waarheid en geregtigheid sal honger dat hulle Christus sal aanneem, ongeag die koste. Bid dat honderde in die weë van Christus gedissipel sal word en ander sal leer. | **18** **SAAWE Raadsvergadering** Bid vir God se wysheid, eenheid en onderskeidingsvermoë vir elke raadslid terwyl belangrike besluite geneem word. Bid vir Thembi, die voorsitter van die raad. Bid dat almal se harte sensitief sal wees vir die leiding van die Heilige Gees. | **19** **MATPA** in Bhoetan: **21 000** Bhoetan is 'n Boeddhistiese koninkryk. Bid dat die Here die kennis van die Waarheid oor Jesus met groot krag stuur na al die volksgroepe in Bhoetan. Bid vir die Matpa, dat geroepe, toegeruste dissipelmakers na na die volk toe gaan. | **20** **RAJAKA DOBI** in Indië: **13 miljoen.** Daar is min of geen volgelinge van Christus onder hulle. Bid dat God Dobi-Christene sal oprig wat ander sal dissipel. Bid dat hulle sal ontdek dat geloof in Jesus vergifnis van sonde en die ewige lewe beteken. |
| **21** **RAJPUT** in Indië: **49 miljoen** Die Rajputs is trots op hulle geskiedenis van verowering, dapperheid en militêre mag. Hulle het nederigheid nodig om hulle behoefte aan 'n Verlosser te erken. Bid dat hulle die waarde daarvan sal insien om deel te word van God se koninklike familie. | **22** **GANE** in Indonesië: **11 000** Die Gane bely Islam as hulle godsdiens. Tans geen gelowiges onder hulle. Bid dat liefdevolle, Geesvervulde werkers na die Gane gestuur sal word. Vra die Here om die Gane geestelik wakker te maak deur drome en visioene van die opgestane Christus en Sy liefde vir hulle. | **23** **KORAMA** in Indië: **231 000** Daar is geen gelowiges onder hulle nie. Hulle geletterdheidsvlak is laag; dus moet die Evangelie visueel of mondelings aan hulle oorgedra word. Bid vir geestelike ontvanklikheid wat baie tot geloof in Christus sal lei. Bid ook vir 'n begeerte om te leer lees en skryf. | **24** **LAO LOM** in Thailand: **29 000** As Boeddhiste glo die Lao Lom aan 'n ingewikkelde verskeidenheid geeste. Bid vir tekens en wonders onder hulle en vir groot deurbrake wat sal lei tot 'n vinnige vermeerdering van dissipels en huiskerke. Bid dat die Here hulle vrymaak van die magte van die geeste. | **25** **25 September SAAWE Gebedskamp by Cyara Lodge, Hekpoort** Bid dat die naweek 'n tyd van geestelike vernuwing, egte gemeenskap en doelgerigte voorbidding sal wees vir die volke van die wêreld, die onbereikte volke, die vervolgde Kerk en SAAWE se bediening. | **26** **SAAWE Gebedskamp by Cyara Lodge, Hekpoort** Bid dat al vandag se gebedsessies deur die Heilige Gees geïnspireer sal word. Bid vir almal wat verantwoordelik is en deelnemers in gebed sal lei. Bid dat harte aangeraak sal word om voorbidders vir die onbereikte volke te word. | **27** **SAAWE Gebedskamp by Cyara Lodge, Hekpoort** Bid dat al die kampgangers die lyding van vervolgde gelowiges beter sal verstaan en ook ons verantwoordelikheid om vir hulle te bid. Ons is almal deel van een liggaam, die liggaam van Christus. "As een lid ly, ly al die lede saam." (1 Kor. 12:26) |
| **28** **SAYYID** in Indië: **16,4 miljoen** Hulle is van die grootste en invloedrykste Moslemgemeenskappe in Suid-Asië. Bid dat invloedryke leiers Jesus sal ontmoet en die Vader in gees en waarheid sal aanbid. Bid dat Jesus vir hulle meer waardevol sal wees as eer van mense. | **29** **BAHA BUYANG** in China: **700** 'n Klein volksgroep. Geen gelowiges onder hulle. Hulle beoefen tradisionele etniese godsdienste. Vra God om moedige werkers, gedryf deur die Heilige Gees, na hulle te stuur, dat hulle Goeie Nuus van verlossing sal glo, en vry kom van bygeloof en vrees. | **30** **KAPARIYA in Indië: 27 000** Hulle is Hindoes, woonagtig in Noord-Indië, waar groot geestelike duisternis heers. Vra dat God gesinne en gemeenskappe onder hulle sal bevry van die vrese vir hulle gode wat hulle daarvan weerhou om sy seën en verlossing te ontvang. | *"Ek wil u lof verkondig, my God en Koning, ek wil u Naam altyd loof.." Psalm 145:1 (AFR83)* | *"Elke dag wil ek U loof, ek wil u Naam altyd prys. Die Here is groot, alle lof kom Hom toe, sy grootheid is ondeurgrondelik.." Psalm 145:2–3 (AFR83)* | *"Geslag na geslag prys wat U doen en vertel van u magtige dade, van die luister, die heerlikheid van u majesteit.." Psalm 145:4,5 (AFR83)* | *"Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het." Psalm 145:8–9 (AFR83)* |

* Skrifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou